# Die uitdaging aan teologiese opleiding in die NHKA en die HKSA

**J H Koekemoer**
**Universiteit van Pretoria**

**Abstract**
**The challenge posed to theological training in the NHKA and the HKSA**
*We live today in a world that is profoundly different from that of the past. In understanding the need of theological training for the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika and the Hervormde Kerk in Suidelike Afrika certain factors have to be taken in consideration. Among these factors are concepts, assumptions, prejudices, new knowledge, changing methods, differing contexts and altered world views. These are entangled with economic, social, political and scientific changes as well as with linguistic and religious developments. This discussion takes place in the hope that both churches will benefit from this.*

## 1. INLEIDING

Die onderwerp onder bespreking vra denkarbeid oor 'n wye spektrum. Die tydgenootlike verskynsels van die funksies van universiteite, die akademie en die kerk, die universele aard van die teologie, relevansie en kontekstualiteit, is alles sake wat in die gesigsveld kan kom. Met die oog op die gesprek tussen die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika oor die betrokke saak* word hier enkele van bogenoemde sake aangesny met die verwagting dat die gesprek so gestimuleer sal word. Deur so 'n openhartige gesprek kan 'n gesamentlike poging aangewend word wat nie alleen ten dienste van teologiese opleiding kan wees nie, maar waarby ook die verkondiging van albei kerke kan ook baat.

## 2. BEREDENERING

By geleentheid van die 75-jarige feesvieringe van die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria het J P Oberholzer (1994:9) daarop gewys dat hierdie gebeurtenis nie alleen die formele ooreenkoms tussen die kerk en die universiteit in

* Lesing gehou tydens 'n simposium van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika, oor die roeping van die kerk in die 'nuwe Suid-Afrika' op 28 Oktober 1994.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

herinnering roep nie, maar tegelyk die getuienis dra van die begeerte van die kerk om sy predikante wetenskaplik te laat vorm. 'Reeds toe daar nog besin is oor Hervormde Teologiese Opleiding in Suid-Afrika, het Goddefroy daarop aangedring dat die opleiding nie aan 'n kweekskool nie, maar aan 'n universiteit moet geskied' (Loader 1989). Oor die strewe oordeel Deist (1994:54) korrek as hy die afleiding maak dat dit nie beteken dat die 'teologie onkerklik moet wees nie, ook nie dat daar iets soos 'n belydenislose kerk is nie, maar dat Skrifnavorsing vry van kerklike binding moet geskied omdat geen 'belydenisschrift of formulier boven of nevens het onbedrieglijke Woord des Heeren' kan staan nie.

Hierdie strewe na 'n wetenskaplike opleiding van predikante aan 'n universiteit het in die verlede en ook in die hede spanning vir die kerk geskep. Dit is egter 'n gesonde spanning wat die prediking van die kerk kan bevoordeel. Daarom is daar doelbewus vir die moontlikheid gekies. Daar is verder in die ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria voorsiening gemaak vir die hantering van die spanning op so 'n wyse dat dit 'n gesonde spanning kan bly. Die kerk behou seggingskap oor die opleiding van predikante op so 'n wyse dat dit die teologie van die kerk sal dien.

Die teenwoordigheid van die Bybel aan die universiteit impliseer dus spanning. Maar, konkludeer Oberholzer (1994:500) dat dit 'n onregverdige bevinding sal wees as daar geoordeel word dat die spanning 'n kloof tussen kerk en teologiese fakulteit impliseer.

> Omdat die lede van die Fakulteit tegelyk kerklike ampsdraers is, benoem op voordrag van die kerk, met 'n kerklik omskrewe opdrag van opleiding en vorm, bevordering van die teologiese arbeid, Woordbediening en advies aan die kerk, en omdat daar 'n wye kring van doctores bestaan buite die Fakulteit, sodat teologiebeoefening nie tot die Fakulteit beperk is nie, kan daar nie spreke wees van 'n kloof tussen kerk en Fakulteit nie. Daar is trouens uitdruklik verklaar dat daar nie so 'n kloof bestaan nie.
>
> (Oberholzer 1992)

Daar rus op elke dosent aan die fakulteit 'n voortdurende verantwoordelikheid om met die wetenskapsteorie van sy tyd in gesprek te bly, terwyl hy tegelyk ook saam met die kerk die belydenis van alle eeue sal uitspreek (Oberholzer 1992:505).

Met die aangaan van die ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria, wat Rautenbach (1975) as 'n kultuurprestasie beskryf, het die kerk dus gestalte aan 'n ideaal van 'n wetenskaplike teologiese opleiding gegee. In dieselfde verband kan gesê word dat die Nederduitsch Hervormde Kerk, vandat met sendingwerk begin is, die ideaal

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

gekoester het dat die opleiding van predikante van die sendingkerk op dieselfde wetenskaplike wyse moes plaasvind. Hierdie strewe het sy eie kronkelgang deur die geskiedenis geloop en word tans vergestalt in 'n samewerkingsooreenkoms tussen die Fakulteit Teologie (Afd A) aan Universiteit van Pretoria en die Hervormde Teologiese Opleiding te Klipdrif.

As dit aanvaar word dat teologie nooit konteksloos beoefen kan word nie, beteken dit tegelyk dat binne die leefwêreld waar die teologie beoefen word en waarop dit gerig word, gedink en gepraat moet word. Daarom sal daar ook in ons teologiebeoefening altyd rekening gehou moet word met die veranderende Suid-Afrikaanse werklikheid. Nuwe kontoere sal so getrek moet word dat bogenoemde twee opleidings wetenskaplik en kerklik sal kan voortbestaan.

Studente lewe immers nie alleen in die akademiese milieu nie, maar ook in die samelewing. Dit is juis daar waar die evangelie immers verkondig moet word.

In die akademiese milieu moet beide dosent en student besig bly om op 'n verantwoordbare wyse na te dink oor die teologiese vraagstellings van die tyd. Oberholzer (1992:501) noem die volgende sake wat in hierdie gesprek oor die toekoms van die teologiese opleidings van die Nederduitsch Hervormde Kerk van wesenlike belang is. Wanneer daar oor herstrukturering nagedink word, sal hierdie sake op die agenda moet wees.

* Die verkenning van die kontoere waarbinne teologie beoefen moet word.
* Selfondersoek oor ons houdings binne die politieke en sosio-ekonomiese konteks.
* Pastorale bewoënheid met die menslike model in die konkrete werklikheid.
* Die erkenning van die ekumeniese aard van die kerk.
* Die inagneming van praktykgebonde etiese verantwoordelikheid.
* Volgehoue akademiese gesprek met vakgenote op die wye akademiese spektrum.

Bogenoemde sake is van betekenis as aanvaar word dat daar op 'n verantwoordbare wyse denkend gesoek moet word na mense se vraag na God in bepaalde kontekste. Dit is immers waarmee die teologie al die eeue geworstel het en daar steeds worstelend na

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

antwoorde gesoek word. Daar sal ook in die wetenskaplike bedryf van die teologie daarmee rekening gehou moet word dat die teologie se ontstaan nie te danke is aan die worsteling van 'n spekulerende geleerde by 'n skryftafel nie. Daarom moet in die akademiese spel van die teologie met die verkondigende kerk rekening gehou word. Elke teologiese skool het steeds kantaantekeninge nodig om te verhinder dat die konteks nie die Woord oorwoeker nie. Derhalwe sal daar al luisterende teologie bedryf moet word.

Binne die konteks waarin hierdie gesprek gevoer word, is die verbondenheid van kerk en teologie 'n werklikheid waarmee rekening gehou moet word. Dit is juis hier waar die indringende vrae en antwoorde van Deist (1994:56-57) ons dringende aandag vra.

Hy stel dat daar duidelikheid verkry sal moet word oor wat met 'teologiese opleiding', 'kerklike opleiding' en of 'n teologiese opleiding op 'n universiteitskampus bedoel word. Hierdie vrae kan volgens hom op 'n pragmatiese of prinsipiële wyse beantwoord word. In sy beredenering kom hy in 'n prinsipiële antwoord by die volgende konklusie wat vir hierdie gesprek belangrik is.

> Die argument tot dusver gee nie uitsluitsel oor die *aard* van 'n teologiese fakulteit aan universiteite nie. Dit maak egter wel twee dinge duidelik wat met die vraag van hierdie bydrae te make het, naamlik:
>
> * Dat kerke nie kan bekostig om hulle van universiteitskampusse te onttrek nie, aangesien hulle 'n verantwoordelikheid het om toe te sien dat 'n Christelike geloofsperspektief op die werklikheid nie op universiteitskampusse ontbreek nie
> * Dat Christelike teologie op 'n universiteitskampus, waar dit oor *universalia* gaan en wat met algemene belastingbetalersfondse befonds word, ten minste *nie denominasioneel aangebied kan word nie* en daarom ook nie *konfessioneel* in die eng sin van die woord nie.
>
> (Deist 1994:62)

Sy konklusie dat 'waar belastingfondse ter sprake is, teologie nie denominasioneel of eng konfessioneel aangebied kan word nie', is vir die gesprek ewe belangrik as sy eerste konklusie. Hieroor kan egter gesê word dat die situasie aan die Universiteit van Pretoria effens anders verloop het, omdat die kerk van die begin af 'n finansiële verantwoordelikheid vir die opleiding aanvaar het, terwyl die opleiding ook vir studente van ander denominasies toeganklik is. Die verhoudenheid van kerk en teologie is egter 'n werklikheid en bly ook om verskeie redes vir die Fakulteit belangrik.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

In dokumentasie van die Fakulteit word dit soos volg gestel: 'Teologiese universitêre opleiding hang saam met die missie wat die kerk vir homself stel. Dat daar in die Suid-Afrikaanse konteks 'n verskeidenheid kerke is wat met eie opleiding besig is, skep seker die moontlikheid dat 'n gesprek vir groter samewerking hier sinvol kan wees' (Oberholzer 1994:35) stel dus tereg dat alhoewel dit seker moontlik sou wees om 'n opleiding in die teologie te hê wat nie op die bediening gerig is nie. Hier sou die klem uitsluitlik om kognitiewe vorming gaan. Waar dit egter om teologie in die kerk en vir die kerk gaan, moet ook op die emotiewe en vaardigheidsvlak beweeg word en juis dit maak dit onmoontlik om aan die opleiding buite die kerk te dink. Verder moet in die strukturering van die opleiding daarmee rekening gehou word dat die Christendom deur die loop van die geskiedenis nog nooit in 'n kultuurvakuum tereg gekom het nie. Dit het inteendeel steeds in 'n lewende dialoog met die omringende kultuur verkeer. In die gesamentlike gesprek van die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika oor die wyse waarop teologiese opleiding vir die twee kerke gestruktureer moet word, hoort bogenoemde saak dus op die agenda. Die samewerkingsooreenkoms tussen die Fakulteit Teologie (Afd A) en die Hervormde Teologiese Opleiding open die pad vir 'n sinvolle gesprek oor struktuurgewing aan 'n opleiding wat in die huidige situasie diensbaar sal wees.

> Struktureel sal moontlike veranderinge in die nasionale onderwysbeleid dalk ook 'n rol speel, naamlik ten opsigte van ruimte in 'n universitêre opset vir teologiese opleiding en fondsvoorsiening daarvoor. Dit lyk waarskynlik dat kerke self volledig sal moet instaan vir die finansiële onderhoud van teologiese fakulteite wat kerkgebonde is.
>
> (Oberholzer 1994:34)

In die lig van hierdie opmerking moet die besluit van die drie-en-sestigste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika dan ook verstaan word.

* Die Algemene Kerkvergadering gee aan die Kuratorium opdrag om noukeurig kennis te neem van veranderings en ontwikkelings op die gebied van die universiteitswese en in die lig van die te verwagte situasie, die opleiding en vorming van predikante en die teologiese arbeid van die kerk te reël, indien en wanneer nodig.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

* Die Algemene Kerkvergadering magtig die Kuratorium en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering om die nodige maatreëls te tref ter uitvoering van die opdrag (Notule AKV 1992:182).

Binne hierdie raamwerk van Hervormde denke oor teologiese opleiding en die akademiese universitêre model waarbinne die opleiding plaasvind en die konkrete situasie waarbinne ons leef, word steeds verder gedink en beplan.

Dit is duidelik dat daar wat toekomstige teologiese opleiding betref, nog baie dinkwerk gedoen sal moet word. Op een of ander wyse moet die vereiste vir wetenskaplike vorming steeds geakkommodeer word terwyl die kerklike verantwoordelikheid vir kerklike teologie nie opgeoffer sal kan word nie.

Die verskillende opsies wat die Fakulteit vir die toekoms uitgespel het, blyk relevant te wees. Afhangende van die pad waarop die universiteitswese hom begeef, sal die kerk een van die volgende opsies of 'n kombinasie daarvan kan uitoefen.

* Die fakulteitsmodel: Dit is die model wat in die stuk beredeneer is wat tans aan die Universiteit van Pretoria bestaan en wat uitgebou kan word.

* Die teologiese kollege op die kampus. Wanneer dit onmoontlik word om as 'n fakulteitsafdeling aan 'n universiteit te bestaan, kan daar na die opsie beweeg word. Uiteraard sal dit vir die kerk geweldige finansiële implikasies hê. Dit sou moontlik kon wees dat ander kerke die universiteit kan versoek om ook hulle teologiese opleidings aan die universiteit te huisves. Dan sou verskeie sulke kolleges aan een universiteit kan bestaan. Die universiteit sal die standaard van opleiding bepaal en grade toeken.

* Die teologiese seminarie. Die finansiële implikasies met betrekking tot die instelling van die totale infrastruktuur van 'n selfstandige seminarie, insluitend onder andere fisiese ruimtes, biblioteekfasiliteite, rekenaar- telefoniese en elektroniese fasiliteite, ensovoorts, is amper onuitvoerbaar. Die opsie is ook teenstrydig met die bedoeling wat die kerk tot op datum met sy teologiese opleiding gehad het.

## 3 TEN SLOTTE

Die verskillende scenarios wat tans na vore tree, maak 'n volgehoue gesprek oor teologiese opleiding, ook wat inhoud en struktuur betref, noodsaaklik. Daarvoor word kreatiewe denkarbeid van almal gevra.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## Literatuurverwysing

Deist, F E 1994. Moet teologiese opleiding kerklik konfessioneel wees. *HTS* 50/1 & 2, 53-67.

Loader, J A 1989. Ontstaan en die eerste periode van die Hervormde Teologiese Opleiding aan die Universiteit van Pretoria. *HTS* 45/2, 412-437.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 1992. Notule van die 63ste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Pretoria.

Oberholzer, J P 1992. Die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria. *HTS* 48/1 & 2, 493-504.

——— 1994. Tendense in die teologiese opleiding: Die pad vorentoe. *HTS* 50/1 & 2, 27-38.

Rautenbach, C H 1975. 'n Eietydse nasionale kultuurprestasie (Seteling van die Teologiebeoefening, Universiteit van Pretoria 1916-1974). *Almanak en Bybelse Dagboek* 1975, 12-24. (Ook gepubliseer in *Versamelde werke* 1975, 475-487.)



Digitised by the University of Pretoria, Library Services